Posbus 107, Durbanville 7551
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Tel : 021 975 6370
www.durbanvillegemeente.co.za

Durbanville Gemeente

05 Jan 2021

Liewe Belydenis-Jongmense en Ouers/Voogde,

BELYDENISKAMP 2021 – BLINKWATER, HERMANUS

Welkom in 2021!

Aangaande die Belydeniskamp wat ons beplan om te hou op 22-24 Januarie wil ons graag ‘n paar gedagtes deel sodat daar geen verwarring is oor dit nie.

Alhoewel daar groot onsekerheid is oor wat in die volgende paar weke gaan gebeur in verband met die COVID-19 regulasies wil ons graag hoop dat ons steeds die kamp sal kan aanbied op ‘n veilige manier om te verseker dat die jongmense almal hulle belydenisjaar op ‘n goeie noot kan afskop. Indien dit enigsins moontlik is gaan ons voort met die kamp. Indien dit nie toegelaat word weens nuwe regulasies nie, gaan ons steeds daardie naweek by die kerk bymekaar kom om die sessies op ‘n veilige manier aan te bied. Indien ons dit nie mag doen nie sal ons nuwe reëlings tref met julle sodra ons kan.

Dis belangrik om te weet dat ons niks sal reël indien ons nie voel dit onder veilige omstandighede kan geskied nie. Ons vra dus van julle om saam met ons buigsaam en aanpasbaar te bly.

Vriendelike groete,

DIE LERAARS:

WYNAND – sel nommer 071 640 9797

TINUS – sel nommer 083 289 4985

DG leef